



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2017**

**DANSSTUDIES**

**PUNTE:** 100

**TYD:** 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.


## INSTRUKSIES EN INLIGATION

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vroeë in totaal.
2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYKE EN GESONDHEIDSORG (40 punte)  
AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERTDHEID (60 punte)
3. AFDELING A: Bestaan uit VIER vroeë.  
Let daarop dat jy 'n keuse het tussen VRAAG 3 en VRAAG 4 in hierdie afdeling. Indien jy beide vroeë beantwoord, sal slegs die eerste vroeg wat beantwoord is, nagesien word.  
  
AFDELING B: Bestaan uit VIER vroeë.  
Let daarop dat jy 'n keuse het tussen VRAAG 6 en VRAAG 7 in hierdie afdeling. Indien jy beide vroeë beantwoord, sal slegs die eerste vroeg wat beantwoord is, nagesien word.
- Beantwoord slegs SES vroeë.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Lees elke vroeg aandagtig deur en let op wat vereis word. Indien jy gevra word om te verduidelik/uit te wei/beskryf/analyseer/evaluering/vergelyk/bespreek in 'n vroeg, moet jy in volsinne antwoord en soveel detail as moontlik verskaf. EEN-WOORD antwoorde sal NIE aanvaar word NIE.
6. Jy mag rowwe beplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.
7. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
  - Slegs in een taal te skryf
  - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
  - Die spesifieke formaat te gebruik wat in bepaalde vroeë vereis word
  - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Beplan jou tyd: Spandeer 60 minute op AFDELING A: 40 punte en spandeer ongeveer 120 minute op AFDELING B: 60 punte.

**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG****VRAAG 1: OPWARMING/POSTUUR/VEILIGE STREKKING (VERPLIGTEND)**

- 1.1 Die mees belangrikste doel van opwarming in die dansklas is om die liggaaam voor te berei vir die werk wat voorlê. Beskryf die beginsels van goeie opwarming en wat dit behoort te behels. (5)

1.2



[<http://dance magazine.com/news/the seven deadly sins>]

Verduidelik watter EEN van die twee prente hierbo wys die korrekte danspostuur en hoe die gebruik van die korrekte danspostuur in die dansklas kan help om beserings te voorkom. (6)

- 1.3 Strekking is belangrik in die dansklas. Gee VIER faktore hoe om veilig in die dansklas te strek en hoe dit sal help om beserings te voorkom. (4) [15]

**VRAAG 2: (VERPLIGTEND) KOMPONENTE VAN FIKSHEID/KRAG/ BESERINGS**

- 2.1 Noem enige DRIE komponente van fiksheid wat gedurende 'n dansklas gebruik word en verduidelik hoe elke komponent jou tydens 'n eksamen kan help. (6)
- 2.2 Spierkrag is belangrik in alle areas van dans. Verduidelik hoe om spierkrag in dans te ontwikkel en dit te behou. (5)
- 2.3 Alle dansers is geneig tot dansverwante beserings. Bespreek hoe die volgende faktore tot dansverwante beserings mag lei:
- 2.3.1 Uitputting (2)
  - 2.3.2 Landing na 'n sprong (2)
- [15]

**DAAR IS 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 3 EN VRAAG 4.  
BEANTWOORD SLEGS EEN VRAAG.**

**VRAAG 3: BESERINGS/BELYNING (KEUSE-VRAAG)**

- 3.1 Besering voorkoming is belangrik vir 'n danser. Maak 'n lys van sommige van die groot komplikasies wat 'n danser na 'n besering kan hê. (5)

3.2



[<http://www.courses.VCU.edu/DANC291-003/unit//.ht>]

Verduidelik die danser se belyning in die prent hierbo en hoe hierdie tipe belyning die danser se knieë en enkels kan affekteer. (5)

[10]

**OF**

**VRAAG 4: AKSIES/SPIERE (KEUSE-VRAAG)**

4.1 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.



[Bron: "The River" van Glenn Allen Sim and Linda Celeste Sims. Foto deur Lois Greenfields.  
Vergunning: AAADT]

- 4.1.1 Gee die anatomiese aksie van die man se knieë. (1)
- 4.1.2 Gee die anatomiese aksie van die man se linker-arm. (1)
- 4.1.3 Gee die anatomiese aksie van die man se kop. (1)
- 4.1.4 Gee die anatomiese aksie van die vrou se regtervoet. (1)
- 4.1.5 Gee die anatomiese aksie van die vrou se arms. (1)

4.2 Gee die name van die volgende:

- |       |   |      |
|-------|---|------|
| 4.2.1 | 'n Groep spiere voor in die man se bobeen                                     | (1)  |
| 4.2.2 | 'n Groep spiere agter in die man se bobeen                                    | (1)  |
| 4.2.3 | 'n Spier wat help met die anatomiese aksie van die man se nek                 | (1)  |
| 4.2.4 | Die spier verantwoordelik vir die anatomiese aksie van die vrou se regtervoet | (1)  |
| 4.2.5 | Die spier verantwoordelik vir die anatomiese aksie van die vrou se elmboë     | (1)  |
|       |   | [10] |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID****VRAAG 5: DANSVORMS/KARAKTEREIENSKAPPE/GESKIEDENIS/LOOPBAAN**

- 5.1 Dansstudies leerlinge bestudeer TWEE dansvorms. Noem en beskryf die karaktereienskappe van enige EEN van jou dansvorms, byvoorbeeld, die bewegings, stappies, styl, musiek, kostuum, wie dit sal opvoer en waar dit opgevoer mag word. (5)
- 5.2 Noem jou hoof dansvorm en verskaf SES interessante feite oor die geskiedenis van jou hoof dansvorm. (6)
- 5.3 Verskaf EEN voorbeeld van 'n moontlike dansloopbaan en bespreek die vereistes wat deur hierdie loopbaan benodig word. (4)  
[15]

**JY HET 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 6 EN VRAAG 7.  
BEANTWOORD SLEGS EEN VRAAG.**

**VRAAG 6: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF – ALVIN AILEY (KEUSE-VRAAG)**

Skryf 'n opstel oor die aanbevole internasionale choreograaf Alvin Ailey en sy danswerk *Revelations* en sluit die volgende in.

- 6.1 Waar kom die titel van hierdie danswerk vandaan? (1)
- 6.2 *Revelations* is in DRIE afdelings verdeel. Noem en beskryf elke afdeling. (9)
- 6.3 Gee 'n verduideliking van die kostuums wat in elke afdeling gebruik was. (3)
- 6.4 Verduidelik die tipe musiek wat in die danswerk gebruik was. (3)
- 6.5 Verskaf inligting oor die mense wat Ailey se choreografiese styl beïnvloed het en die dansstyl wat in *Revelations* gebruik was. (10)
- 6.6 Hoe het hierdie choreograaf sy voorgenome boodskap van die danswerk aan die gehoor deur die gebruik van simboliese bewegings oorgedra? (4)  
[30]

**HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN INTERNASIONALE EN SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRawe EN HUL DANSWERKE.**

INTERNASIONALE CHOREOGRawe	DANSWERKE
George Balanchine	<i>Appollo/Jewels</i>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Martha Graham	<i>Lamentation/Errand into the Maze</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dancers</i>
Mathew Bourne	<i>Swan Lake</i>
Pina Bausch	<i>Rites of spring</i>
William Forsythe	<i>In the middle, somewhat elevated</i>
Mats Ek	<i>Giselle/Swan Lake/Carmen</i>
Rudi van Dantzig	<i>Four Last Songs</i>
Jiri Killian	<i>Wings of wax/Stamping ground</i>

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRawe	DANSWERKE
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld/Carmen</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>
Alfred Hinkel	<i>Last Dance (Bolero)/ Rain in a dead man's footprints/Cargo/I am cinnamin</i>
Sylvia Glasser	<i>Tranceformations</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
Caroline Holden	<i>Imagenes</i>
Gregory Maqoma	<i>Beauty Trilogy/ Skeleton Dry/Four Seasons</i>

**VRAAG 7: SUID-AFRIKAANSE/INTERNASIONALE CHOREOGRAAF EN DANSWERK (KEUSE-VRAAG)**

Kies EEN van die SUID-AFRIKAANSE of INTERNASIONALE choreograwe en een van hul DANSWERKE uit die voorgeskrewe lys hierbo. Skryf 'n resensie en sluit die volgende in:

- 7.1 Die naam van die choreograaf en danswerk
  - 7.2 Beskryf die agtergrond en invloede wat gelei het tot die ontwikkeling van die danswerk. Sluit in die oorsprong, opleiding en samewerkings (10)
  - 7.3 Brei uit oor die sinopsis/tema/intensie/storie (6)
  - 7.4 Gee 'n gedetailleerde verduideliking van die kostuum, beligting en stelontwerp (6)
  - 7.5 Verduidelik hoe die musiek in die danswerk gebruik was (4)
  - 7.6 Bespreek die choreograaf se bydrae tot dans in Suid-Afrika (4)
- [30]**

**VRAAG 8: MUSIEKGENRES/CHOREOGRAFIESE ELEMENTE/IMPROVISASIE (KEUSE-VRAAG)**

- 8.1 Noem enige TWEE musiek genres en gee 'n beskrywing van elkeen se musiekstyl. (4)
  - 8.2 Verduidelik hoe dansers/choreograwe gebruik kan maak van die volgende choreografiese elemente in 'n danswerk:
    - 8.2.1 **Tyd** – Gee TWEE voorbeelde van hoe dit gebruik kan word (2)
    - 8.2.2 **Krag** – Gee TWEE voorbeelde van hoe dit gebruik kan word (2)
    - 8.2.3 **Ruimte** – Gee TWEE voorbeelde van hoe dit gebruik kan word (3)
  - 8.3 Een van jou vriende is bekommern oor improvisasie gedurende hul praktiese eksamen. Gee jou vriend idees hoe om hoë punte in improvisasie gedurende die eksamen te behaal. (4)
- [15]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**  
**GROOTTOTAAL: 100**

